# Die Sending en die kultuursituasie van die Bantoe. (Enkele probleme i.v.m. die benadering.)

In die behandeling van ons onderwerp gee ons eers 'n kort ontleding van die kultuursituasie van die Bantoe. Daarna vestig ons die aandag op enkele probleme waarvoor die sending in sy benadering in daardie situasie te staan kom.

A. DIE KULTUURSITUASIE VAN DIE BANTOE.

(a) Wat verstaan ons onder kultuur?
(b) Die tradisionele kultuur van die Bantoe.
(c) Die huidige kultuursituasie.

(a) *Wat verstaan ons onder kultuur?*

(1) *Definisie:* Daar bestaan 'n groot verskeidenheid van definisies van die begrip: kultuur. Sommige wil dit sien as die lewenswyse of lewenspatroon van 'n volk. Dan verteenwoordig die verskillende lewenspatrone van die volkere die verskillende kulture van die aarde. Ruth Benedict (Patterns of Culture, p. 15) stel 'n hoofman van die Digger Indiane aan die woord om op sy wyse uitdrukking te gee aan hierdie begrip van kultuur. Hy het gesê: „In the beginning God gave to every people a cup, a cup of clay, and from this cup they drank their life. They all dipped in the water but their cups were different" (p. 15). Melville Herskovits (Man and his works, p. 17) meen weer dat die volgende 'n kort en bruikbare definisie van kultuur sou wees, nl.: „Culture is the man-made part of the environment". 'n Ander definisie lui dat *kultuur* die resultaat van die inwerking van die menslike gees op sy omgewing is.

Vir ons doel wil ons egter 'n meer ontledende definisie van kultuur gee. Ons wil kultuur dan sien as die totaliteit van materiële sowel as immateriële skeppinge wat deur 'n bepaalde mensegemeenskap of volk tot stand gebring word. Hierdie skeppinge geskied gedurende 'n proses van aanpassing by 'n bepaalde omgewing. Die besondere aard van die mens waarmee hy geskape is, speel natuurlik ook hier 'n belangrike rol. Hierin word die mens duidelik van die dier onderskei. Die dier pas hom instinkmatig by sy omgewing aan en kan nooit kultuur voortbring in die sin wat die mens dit doen nie. As beelddraer van God verskil die mens radikaal van die dier. Die mens het nie slegs die opdrag ontvang om kultuur voort te bring nie, maar is ook deur God met die nodige gawes daarvoor toegerus. So het die mens byvoorbeeld ontvang: vaardige hande, 'n vrugbare brein en ondernemingsgees. Hy het die vermoë ontvang om homself aan te pas by sy omgewing, maar het as heerser ook die vermoë om die geografiese omgewing by hom en sy behoeftes aan te pas. Verder merk ons op dat hoewel die indiwidu ook 'n belangrige rol speel, dit 'n volk is wat 'n kultuur voortbring. Wanneer 'n indiwidu iets uitvind word dit nie deel van 'n kultuur voordat daardie nuwe uitvindsel nie deur die betrokke volk aanvaar is nie.

Wat die kultuurgoedere betref, moet ons dus dink aan die totaliteit van materiële sowel as immateriële skeppinge wat 'n volk voortbring. Dit sluit dus in gelowe, kunsskeppinge, taal, politieke, sosiale, opvoedkundige en regterlike organisasies sowel as huise, gereedskap, damme, wapens ens.

(2) *Enkele algemene kenmerke van kultuur:* Vir die behandeling van ons onderwerp is dit nodig om ook aandag te skenk aan 'n paar van die algemene kenmerke van kultuur, sonder om op besonderhede in te gaan.

Hoewel ons kultuur nie as 'n superorganiese entiteit beskou nie, meen ons tog saam met volkekundiges dat dit teoreties uit die lewensproses van 'n volk geabstraheer kan word om dit te ontleed en te bestudeer.

Herskovits (Man in his works, p. 18) wil tot die wese van kultuur deurdring deur die oplossing van drie paradokse wat algemeen geldend is, naamlik:

(i) Kultuur is 'n universele verskynsel, nogtans is elke plaaslike manifestasie daarvan uniek.

(ii) Kultuur is staties maar ook dinamies en is dus aan voortdurende verandering onderworpe.

(iii) Kultuur deurdring en bepaal grotendeels die lewe van die mens maar dring selde tot sy bewussyn deur.

Ons wil egter nog 'n algemene kenmerk beklemtoon wat vir ons doel van belang is. Elke kultuur bestaan naamlik uit 'n aantal instellings. So kry ons in elke kultuur byvoorbeeld opvoedkundige, politieke, regterlike, ekonomiese, sosiale en religieuse stelsels. Hierdie aspekte waarin 'n kultuur verdeel kan word, staan nie los van mekaar nie, maar vorm 'n funksionele en geïntegreerde geheel.

Verder moet ons opmerk dat elke instelling binne 'n kultuur 'n bepaalde funksie het. Onder funksie verstaan ons dan die bydrae wat 'n bepaalde instelling lewer tot die voortbestaan van 'n kultuur as geheel. Kultuur is dus 'n funksionele geheel.

Die onderskeie instellinge in 'n kultuur funksioneer egter soos ratte in 'n ratwerk. Daarom kan ons ook sê dat kultuur 'n geïntegreerde geheel is. Die implikasie van wat ons so pas gesê het, is dat wanneer byvoorbeeld een instelling van 'n kultuur drasties verander word ,daar nou 'n rat in 'n ratkas is wat nie meer inpas by die ander ratte nie. Dit tas dus die werking van die hele ratkas aan. Daarom moet nuwe elemente of veranderinge in 'n bepaalde instelling eers opnuut binne daardie instelling en by die res van daardie kultuur geïntegreer word of anders kan dit 'n hele opskudding en ontwrigting bewerk.

Terwyl ons die voorafgaande in die gedagte knoop, kan ons nou voortgaan en een en ander in verband met die tradisionele kultuur van die Bantoe bespreek.

(b) *Die tradisionele kultuur van die Bantoe.*

In die eerste instansie wil ons vasstel dat ons eintlik nie van 'n Bantoekultuur in die algemeen kan spreek nie, want ons moet *verskillende* Bantoe-volke met *verskillende* kulture onderskei. Die kultuur van die Zulu is beslis nie identies met dié van die Sotho of die Venda nie.

Ons doel is nie om hier op die besonderhede van verskillende tradisionele Bantoe-kulture in te gaan nie. In die verbygaan wil ons net daarop wys dat daar tog algemene verskille is tussen die tradisionele Bantoe kulture en Westerse kulture. Ons noem slegs 'n paar voorbeelde. Wat die ekonomiese stelsel betref, het ons bv. tradisioneel by die Bantoe gehad 'n bestaansekonomie teenoor 'n stelsel van geldekonomie by die Westerse volke.

Wat sosiale organisasie betref het ons by die Bantoe bv. 'n klassifiserende verwantskapstelsel teenoor die beskrywende verwantskapstelsel by die Westerling.

Wat byna elke aspek van kultuur betref, kan daar dergelike verskille aangetoon word.

Dit gaan vir ons egter hier om een besondere algemene kenmerk van die tradisionele kulture van die Bantoe-volkere waarop ons wil wys: In die eerste plek moet ons in gedagte hou dat ook elke kultuur onder die Bantoevolkere 'n funksionele, geïntegreerde geheel uitmaak.

Nou wil ons daarop wys dat in elke Bantoe-kultuur die religieuse aspek tradisioneel 'n besondere funksie in daardie geïntegreerde geheel vervul het. Dit het naamlik al die aspekte van daardie kultuur nie slegs deurdring nie, maar in 'n groot mate beheers. Die tradisionele religie van die Bantoe sluit in: die geloof in persoonlike bonatuurlike wesens sowel as onpersoonlike bo-natuurlike kragte. Wat die geloof in persoonlike bo-natuurlike wesens betref, neem die verering van die geeste van die voorouers 'n besonder plek in. Die *opperwese* waarin hulle glo is vir hulle so vér weg dat hy slegs deur middel van die voorouergeeste bereik kan word.

Ook vind die beoefening van persoonlike supernaturalisme en onpersoonlike supernaturalisme by die Bantoe nie in afgeslote waterdigte kompartemente plaas nie. Daar vind dikwels wisselwerking tussen hierdie twee terreine plaas. Wanneer iemand byvoorbeeld glo dat hy deur 'n gestorwe voorouer gestraf is gaan hy na 'n waarsêer-dokter om uit te vind teen watter voorouer hy gesondig het en wat sy oortreding was. Die waarsêer-dokter moet dan ook uitvind watter soort offer die voorouer verlang.

Ons noem nou enkele voorbeelde om aan te toon hoe die religieuse aspek al die ander aspekte van die kultuur by die Bantoe deurdring en ook beheers.

*Ekonomiese aspek:* By sommige Bantoe (Zulu) bestaan die gebruik om eers die saad te laat dokter voordat met die saaiery begin

word. By ander weer (Tswana) is die bees nie slegs 'n ekonomiese middel nie, maar is hy ook die god met die nat neus.

*Sosiale aspek:* Wanneer 'n bruid onder die Zulu die stat van haar familie verlaat word daar eers aan die voorouergeeste geoffer en hulle word meegedeel dat hulle nie ontevrede moet wees nie, aangesien daar beeste aan die kom is.

*Politieke aspek:* Die koning of stamhoof is nie slegs 'n politieke figuur nie, maar verteenwoordig in besonder die volk by die geeste van die afgestorwe konings. Hy is vir hulle veral 'n religieuse figuur.

*Regterlike aspek:* In verband met oortredinge is dit veral die sanksies van die geeste van die voorouers wat gevrees word.

*Opvoedkundige aspek:* Ook op hierdie terrein word die kinders nie slegs van jongsaf ingelei in die gelowe van hul volk nie, maar ook inisiasieseremonies waar formele onderwys gegee word, is gelaai met religieuse en magiese rites.

Ons sien dus dat die religieuse aspek die hele kultuur en daarmee die hele lewe van die Bantoe deurdring.

Moet ons nou hierin as 'n parallelle geval die verwesenliking van die kerngedagte van die Calvinisme sien? Sekerlik nie, want dit vorm eintlik 'n teëstelling daarmee.

Waar dit in die Calvinisme om die eer van God gaan wat gesoek moet word op al die terreine van die lewe, gaan dit vir die Bantoe hoofsaaklik om die handhawing van sy *rituele status*. Hoewel dit nie by alle Bantoevolke so duidelik na vore kom nie, gaan dit tog in die kern van die saak daarom.

Gunter Wagner (African Worlds, p. 49) sê hiervan: ". . . . the maintenance or restoration of the ritual status occupies the most important place in the life both of the individual and the community". Daar word naamlik (by die Abaluyia) tussen drie soorte rituele status onderskei, naamlik:

(1) *Normale of neutrale rituele status.*

(2) *Geskonde rituele status.*

(3) *Bo-normale rituele status.*

Die Abluyia, byvoorbeeld, glo dat die opperwese die skepper is van die natuurlike sowel as die sosiale orde. Die kwaad bestaan dan in die afwyking van daardie orde en word deur die opperwese bestraf. Wanneer 'n persoon volgens gemelde orde leef, besit hy normale rituele status. Dan is sy afhanklikes gesond, hy leef in harmonie met sy bure en hy verkry normale resultate op sy arbeid.

Handel 'n persoon in stryd met die orde wat die opperwese daargestel het, beland hy in 'n toestand van geskonde rituele status. Tekens daarvan is: siekte, mislukkings in die arbeid, huweliksrusies ens.

Waarsêer-dokters, reënmakers ens., beskik oor bo-normale rituele status want die opperwese het aan hulle besondere magte verleen.

Wanneer in 'n toestand van geskonde rituele status verval word, word offers aan die voorouergeeste gebring om by die opperwese in te tree sodat die rituele status van die oortreder herstel kan word tot die normale.

In sy verhouding tot die ander stelsels vorm die religieuse stelsel dan die hart van hul kultuur. Die klop van hierdie hart word, soos ons gesien het, duidelik in elke stelsel gesien.

Vanuit die kant van die sending kan die heidense godsdiens ook gesien word as 'n reuse ongedierte wat in die hart van 'n nie-christelike volk woon. Hierdie ongedierte beskik oor seekatarms wat al die aspekte van die kultuur van daardie volk, stewig in sy kloue het.

Dit is dan in kort 'n blik op die belangrikste kenmerk van die tradisionele kultuursituasie van die nie-christelike Bantoe-volke.

(c) *Die huidige kultuursituasie.*

Die Bantoe beleef vandag 'n tydperk van kultuurverandering wat teen 'n geweldige vinnige tempo plaasvind. Dikwels vind hierdie haastige verandering plaas met verwoestende gevolge.

Kultuurverandering vind gewoonlik plaas as gevolg van interne sowel as eksterne innovasies. Onder interne novasies verstaan ons eintlik nuwe uitvindinge en ontdekkings binne 'n kultuur. Onder eksterne innovasies verstaan ons hoofsaaklik veranderinge wat plaasvind gedurende 'n proses van akkulturasie, d.w.s. oorname van elemente uit ander kulture as gevolg van bepaalde kontaksituasies. Dit is hoofsaaklik prosesse van akkultuasie wat verantwoordelik is vir die oorname van talle nuwe kultuurelemente uit Westerse kulture deur die Bantoe volkere.

Nou moet ons die oorname van nuwe kultuurelemente as 'n normale proses beskou wat nie tot die ontwrigting van 'n kultuur hoef te lei nie. Maar dan moet die oorname oordeelkundig geskied en daar moet tyd en geleentheid wees om die nuwe elemente by die bestaande op die grondslag of basis van die tradisionele te integreer.

As sodanige integrasie nie plaasvind nie kan dit 'n hele ontwrigting binne die oornemende kultuur teweegbring. Want, soos ons reeds vasgestel het, vorm kultuur 'n funksionele, geïntegreerde geheel. Wanneer een van die wiele in 'n ratkas nuwe tande bykry wat nie pas by die ander wiele nie, kan dit die hele ratkas beskadig. Maar as die nuwe tande so geslyp word dat dit pas kan die werkverrigting van die ratkas weer glad verloop.

Waar nuwe elemente nie behoorlik geintegreer word by die oue nie, vind daar disintegrasie plaas.

Dit is vandag 'n kenmerkende verskynsel wat ons in die kultuursituasie van die Bantoe opmerk, naamlik dat daar oral disintegrasie plaasgevind het as gevolg van onoordeelkundige akkulturasieprosesse.

Ons wil kortliks illustreer ten opsigte van slegs die ekonomiese aspek van die kulture van die Bantoe. Tradisioneel het die Bantoe 'n bestaansekonomie gehad. As gevolg van die kontaksituasie tussen die bantoevolkere en die Westerlinge wat die land binnegekom het, is die Bantoe mettertyd ingeskakel by die geldekonomie van die Westerse kultuur. Dit het geweldige probleme ten opsigte van die bantoekultuur meegebring met chaotiese gevolge. Ons noem enkele voorbeelde.

(1) *Konflik van Waardes:*

In sy tradisionele bestaansekonomie het die inboorlinge ander waardes gehad wat nou bots met die waardes wat in 'n geld-ekonomie geld. Byvoorbeeld, die waarde wat die Bantoe aan *vrye tyd* in sy bestaansekonomie geheg het. Waar die geldekonomie in swang is, kan hy nou maklik as lui bestempel word.

(2) *Disintegrasie en die ontstaan van vakuums:*

Die verandering in die ekonomiese stelsel van die Bantoe het sekere ander aspekte van sy kultuur so ernstig geraak dat dit disintegrasie asook vakuums laat ontstaan het met nadelige gevolge. Ons noem 'n voorbeeld:

Kragtens die klassifiserende verwantskapstelsel by die Bantoe, het verwante teenoor mekaar ook sekere ekonomiese verpligtinge. Daardie verpligtinge word nou dikwels nagelaat wanneer die mans in die myne of fabrieke vir geld gaan werk. Lucy Mair sê hiervan: „The opportunity of gain is followed rather than the path of duty or rather duty is forgotten when it hampers the pursuit of gain" (Studies in applied anthropology, p. 73).

As gevolg hiervan word ou mense dan ook dikwels verwaarloos. Op hierdie wyse word die betekenis en waarde van die klassifiserende verwantskapstelsel ernstig aangetas sonder om iets in die plek te stel van dit wat verlore gegaan het.

Daar ontstaan ook 'n vakuum daarin dat dit wat die loonarbeiders elders verdien, nooit die arbeid vervang wat in die tuisgebied nagelaat word nie. Dit is een van die redes waarom daar in die tuisland dikwels broodgebrek heers.

(3) *Gebrek aan reïntegrasie:*

Gebrek aan reïntegrasie van nuwe elemente by die bestaande instellinge in die Bantoesamelewing kom dikwels voor as gevolg van inskakeling by die ekonomie van die blanke.

Daar is byvoorbeeld 'n toestroming van mans, sonder hul gesinne, na kampongs by die myne en ander industrieë. Dit veroorsaak dat die tradisionele familie-gemeenskap in die reservate afgebreek word sonder dat dit opnuut gevorm word in die nuwe omgewing. Ons sien dus dat omstandighede ontstaan waarin loon-arbeid noodsaaklik geword het, sonder dat daar gemeenskappe van loonarbeiders ontstaan.

Wanneer hierdie ontwrigting aanskou word, kom ons tot die slotsom: dat 'n arm volk met 'n behoorlik geïntegreerde kultuur baie

gelukkiger is as 'n volk met groter inkomste maar met 'n kultuur waar disintegrasie ingetree het.

*Krisis:* Ons het dan ook vandag die feitelike situasie dat die Bantoevolkere 'n geweldige krisis belewe wat sy kultuur betref. Die vinnige prosesse van akkulturasie het dekulturasie in die hand gewerk. Dit is veral die tegnokrasie vanuit die Weste afkomstig wat verwoestende werk aangerig het. Dit het in 'n groot mate nie slegs desakralisasie van die verskillende aspekte van die bantoekultuur in die hand gewerk nie, maar 'n proses van sekularisme geword waarin die wondermag van die moderne tegniek aanbid word.

Die tragiek van hierdie toestand word treffend weergegee in die woorde van 'n ou Indiaan in Amerika waar hierdie selfde prosesse reeds plaasgevind het. (Ons het die eerste gedeelte van hierdie aanhaling reeds aan die begin van hierdie lesing gegee.) „In the beginning God gave to every people a cup, a cup of clay, and from this cup they drank their life. They all dipped in the water but their cups were different. *Our cup is broken now*" (Ruth Benedict, Patterns of culture, p. 15). „Our cup is broken now!" Dit dreig om die toestand te word ook van die bantoe-volkere.

## B. DIE TAAK VAN DIE SENDING TEN OPSIGTE VAN HIERDIE KULTUURSITUASIE.

In die eerste plek wil ons die aandag daarop vestig dat dit nie net die Kerk is wat hom in sy sendingpoging met die nie-christelike bantoevolkere bemoei nie.

*Daar is Amerika en Rusland.* Die resultaat van die tweede wêreldoorlog was dat Amerika en Rusland hulle in toenemende mate veral met die minder ontwikkelde lande van die wêreld gaan bemoei het. Veral is dit die geval met die inboorlingvolke van Afrika wat die Bantoe insluit. Bidney, 'n Amerikaanse kulturele antropoloog, beweer tereg die volgende: „In a sense, the victors in this war, the Anglo-Americans, on the one hand, and the Russian peoples, on the other, are now engaged in a vast secular missionery enterprise, *whose objective is the winning of converts to their ideological faiths*" (Theoretical Anthropology, p. 362).

Hier het ons te doen met medoënlose aanslae waar idees gerugsteun deur die geweldige mag van die tegnokrasie 'n vernietigende uitwerking op die bantoekulture mag hê.

As oplossing vir hierdie ideologiese- en magstryd sien Bidney eintlik net een uitweg: „It is rational, therefore, to believe and assume that in the course of time the nations of the world may consent to give up some of their *natural rights*, and refrain from exercising their sovereign power, in order to emerge from the insecurity of the international state of nature and to participate, instead, in *a world cultural community* which would guarantee to all alike security with liberty and justice" (p. 365).

'n Wêreldkultuur! Ons glo dan ook dat dit die ideaal is waarna die wêreld wat van God afgeval het, diep in sy hart verlang. Hy wil sy eie paradys skep. 'n Wêreldkultuur beteken vernietiging van volkskulture wat mynsinsiens heeltemal in stryd met die Skrif is. God het die mens beveel om die aarde te vul en daaroor te heers. Dit hou in: die wording van 'n verskeidenheid van volke met 'n verskeidenheid van kulture tot eer en verheerliking van God (Gen. 1:28; Hand. 17:26). Ook met die voleinding sal en moet daar nog wees die heerlikheid en die eer van die verskeidenheid van nasies wat in die Nuwe Jerusalem ingebring word.

*Verkeerde Sending (wat metode sowel as inhoud betref).*

Sendelinge vanuit Westerse lande is al verskeie eeue lank besig met sending onder die Bantoe. Hierdie sendelinge het 'n groot verskeidenheid van genootskappe, kerke en sektes verteenwoordig.

Satan gee egter nie maklik prys wat hy as sy eiendom beskou nie. Teenoor die aanslag van die sending het hy verwoed teruggeveg. Maar hy het sekerlik ook as bondgenoot gehad verkeerde uitgangspunte in die sending wat metode sowel as inhoud van die verkondiging betref. Die gevolge van die teenoffensief van Satan sien ons vandag duidelik in 'n groot aantal godsdienstige groeperinge onder die Bantoe. Hiermee bedoel ons inheemse godsdienstige groeperinge wat nie as christelike kerke bestempel kan word nie. Dit wemel onder die Bantoe vandag van sektes sowel as nativistiese bewegings wat onder 'n christelike vlag eintlik die tradisionele godsdiens in ere wil herstel. Hierdie groepe vorm eintlik 'n na-christelike heidendom wat 'n taaier front vorm teenoor die verkondiging van die evangelie as wat met die tradisionele godsdiens die geval is. Die ondier in die hart van die heidendom wat die hele kultuur van die Bantoe in die kloue van sy seekatarms hou is daardeur versterk en met nuwe wapens voorsien.

*Wêrelddiakonaat:* Op die ekonomiese front het daar ook 'n nuwe benadering in die sending gekom wat groot gevaar kan inhou, nl. die gedagte van die wêrelddiakonaat. Sommige wil dit as 'n teenoffensief sien teen die materiële hulp wat die kommunisme aan minder ontwikkelde volke bied of beloof. Ons wil egter wys op die gevaarlike gedagte of tendens wat in hierdie beweging ontwikkel, nl. dat die diakonaat voorrang moet verkry of erger nog, die Woordverkondiging moet vervang in die sending. Die gedagte is deur 'n ywerige voorstander van hierdie aksie teenoor my uitgespreek: Die Woordverkondiging kon nie daarin slaag om die Bantoe van sy tradisionele godsdiens te laat afsien nie, daarom moet ons hom nou deur middel van die diakonaat (sosiale hervorminge en dienste, voorligting, opheffing en hulp) jaloers maak op die evangelie. Wanneer die Woordverkondiging ondergeskik of losgemaak word van die diakonaat, word voorwaar 'n gevaarlike en futiele pad bewandel. Dan is dit ook nie meer die diakonia in Bybelse sin nie, maar „*Social gospel*".

*Die regte benadering.*

Die Bantoe verkeer wat sy kultuursituasie betref in groot krisis. Dit moet seker ook in die sending tot die hart van die Christelike Kerke spreek. Ook ons moet 'n oop oog hê vir die aanslae op wêreldvlak om die kulture van die Bantoe te vernietig. Dis nie bloot uit humanitêre oorwegings nie, maar omdat ons glo dat dit indruis teen die bedoeling van God.

Ons aanskou ook die pogings op die vlak van die social gospel om enkele aspekte van die Bantoe-kultuur inspuitings toe te dien om hulle op daardie wyse te heel en na die Christendom te trek.

Ons aanskou 'n verwarrende kultuursituasie. Maar dit mag *ons* egter nie verwar nie. Ons moet steeds onthou, daar in die hart van 'n nie-christelike volk skuil 'n ondier, nl. die heidense godsdiens. In die verwarrende kultuursituasie van die Bantoe moet ons die vader van die heidense godsdiens met sy magte aan die werk sien. Daardie verwarring bedek die ware vyand wat eintlik die hart van daardie kultuur, uitmaak, alhoemeer. Ja, hy skuil ook agter die gecamoufleerde vestings wat 'n nie-christelike heidendom in daardie kultuur opwerp.

Ons staar ons dus nie blind teen 'n verwarrende en kritieke kultuursituasie van die Bantoe nie, maar in ons offensief moet ons oog gerig wees op die heidense godsdiens wat in die harte van daardie volke setel en wat die hart van hul kulture uitmaak.

Ook moet ons besef dat die enigste wapen wat daardie ongedierte dodelik kan wond is die verkondiging van die lewende Woord van God (wat ook die daad insluit). Ons mag nooit ons vertroue in dié wapen verloor nie, want dit is 'n krag van God tot saligheid; 'n dinamiet wat deur die sterkste skanse 'n pad oopruk om deur die werking van die Heilige Gees die genade van God in die harte van sy uitverkore kinders te plant.

Sending beteken dus oorlog. Oorlog, nie teen die volk en sy kultuur nie, maar teen die ondier in die hart van die volk, die heidense godsdiens wat met sy seekatarms al die aspekte van daardie kultuur vasklou. Die simpatiserende benadering in die sending moet dus duidelik afgewys word. (Die benadering wat simpatiek teenoor die tradisionele godsdiens van 'n heidense volk staan en dit maar net as 'n laere trap van die ware godsdiens beskou.)

Selfs die konfronterende benadering kan ons nie heeltemal aanvaar nie, aangesien die uitgangspunt in die heidense godsdiens en kultuur gesoek word om die volk daarvandaan met Christus te konfronteer. Dit hou die gevaar in dat dit ook kan oorhel na die simpatiserende metode.

Saam met dr. Gilhuis beskou ons die teties-evangeliserende metode as die regte. Die enige ware God moet verkondig word soos Hy Hom in Sy Woord openbaar. Sy genade van verlossing in Jesus Christus moet aangekondig word, maar ook die eis van bekering uit die duisternis tot die lig. Word dit getrou gedoen dan mag ons ook die deurwerking van die genade van God in Sy genesende krag sien in die hele kultuursituasie van die volk onder wie daar sending gedoen word.

Laat ons kortliks sien wat gebeur.

Nou moet ons ons indink in die probleme en stryd van 'n persoon of huisgesin wat uit die heidendom tot die Christendom bekeer is.

In gedagte moet gehou word dat hy nog steeds lid bly van daardie volk wat met sy hele lewe in die kloue van die seekat (so wil ons die ongedierte of heidense godsdiens noem) verkeer. Die hele lewenssfeer waarin hy beweeg, word beheers deur die heidense godsdiens. Sy hele lewenspatroon was tot dusver daarvolgens ingerig. Maar nou het die inslag in sy lewe gekom dat hy tot die geloof in die enige Ware God bekeer is. Hy word nou lidmaat van 'n Christelike Kerk. Dit is nou juis by hierdie punt waar daar gevaar dreig as dit nie 'n waaragtige bekering is wat plaasgevind het nie. Daarop wil ons nader let.

In die heidense godsdiens bestaan daar nie 'n kerk nie. Nou kan dit wees dat 'n persoon die Kerk van die christendom aanvaar as 'n bykomende faktor in sy lewe terwyl hy die res van sy kultuur, insluitende die heidense godsdiens, net so behou. Dan leef die seekat nog maar ongeskonde voort in sy hart. Sondae gaan hy kerk toe, maar as hy droom van een van sy voorouers of as 'n ongeluk sy familie tref, dan gaan hy nog maar na die waarsêer-dokter om uit te vind waarom die geeste van sy voorouers vir hom kwaad is en watter soort offer hy aan hulle moet bring.

Langs hierdie weg kan daar ook vermenging van die christendom met die heidendom plaasvind. Hierdie verskynsel sien ons veral in seperatiste „kerke" onder die Bantoe waar die profeet in die „kerk" feitlik maar op dieselfde wyse tewerk gaan as die waarsêer-dokter by die heidene. Waar dit so gaan, is daardie „kerk" dan eintlik ook vasgegryp deur een van die arms van die seekat en ingetrek in die heidense kultuur. Bekering van die heidendom tot die christendom beteken dus beslis nie om die christelike godsdiens maar net as nog 'n kultuurelement by te neem nie.

Die ou Griekse kerk het die gebruik van exorsisme gehad. Hierdie gebruik het later ook in bygeloof ontaard, maar oorspronklik was die bedoeling baie goed en suiwer. Ons wil dit nader verduidelik. Dit was naamlik die gebruik om die exorsisme eers te laat plaasvind voordat 'n persoon wat tot die christendom bekeer is, gedoop word.

Dit het op die volgende beskouing berus: Die wêreld verkeer in die mag van die bose onder heerskappy van die duiwel. In hierdie bose wêreld het God egter die koninkryk van die hemele gestig. Dit is 'n nuwe wêreld. Iemand wat uit die koninkryk van die duiwel oorgaan na die koninkryk van die hemele, moet dus eers sy eed waarmee hy aan die duiwel en sy bose ryk verbind is, verbreek.

Die duiwel sal hom nooit losmaak of ontslaan van daardie eed nie, daarom moet hy dit verbreek. Hy mag en moet dit ook doen want die eed van trou waarmee hy aan die duiwel verbind was, is 'n ongeoorloofde eed. Daarom het die ou Griekse Kerk dan gereël dat 'n persoon, voordat hy gedoop word, eers die duiwel moet afsweer

en dan met sy doop die eed van trou moet aflê aan die Koning in die koninkryk van die hemele, onse Here Jesus Christus.

Ons het vandag nie meer die gebruik van exorsisme in die christelike kerk nie. Ook weet ons dat 'n mens nie met eie krag en pogings 'n burger van die koninkryk van die hemele kan word nie. Om 'n burger van daardie koninkryk te word, moet 'n mens deur die wedergeboorte daarin gebore word. Dit is dus God self wat deur die werking van die Heilige Gees sy uitverkore kinders in sy koninkryk inlyf. Maar op die wedergeboorte volg as noodsaaklike vrug, die *bekering*. Daarin is die nuutgebore burger in die Koninkryk van die hemele ook aktief werksaam. Nou weet ons die ware bekering bestaan uit twee dele, nl. die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe. (Vgl. Ef. 4:22-24.)

In die antwoord op vraag 89 van die Heidelbergse Kategismus word aan ons verduidelik wat die afsterwing van die oue mens beteken. „Dit is naamlik 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug."

In die verkondiging van die Evangelie aan die Bantoevolkere mag hierdie eis tot bekering sekerlik nie ontbreek nie. Die ware bekering tot die christendom bring mee dat daardie Bantoe die seekat (heidense godsdiens) in sy eie hart en in die hart van sy volk sal raaksien en uitken as 'n vyand van God en van die burgers van sy koninkryk. Dit beteken dat daar heeltemal gebreek moet word met die heidense godsdiens. Ja, hy moet 'n hartlike berou daaroor hê dat hy die lewende God verlaat en afgode gedien het. Ook moet hy deur die geloof in Christus die ware God alleen dien met 'n hartlike vreugde, met lus en liefde om na Sy wil te handel.

Ja, hy moet, om so te spreek, die duiwel en sy ryk afsweer en die eed van trou aflê aan die Koning in die koninkryk van die hemele, Jesus Christus. Langs hierdie weg is hy dan besig om die seekat in sy hart dood te maak. Die nuwe lewe wat deur die wedergeboorte in die hart van die Christene gekom het, groei dan ook sodat daar vir die seekat al hoe minder plek kom en hy versmoor in die lug van genade wat God in die harte laat invloei. Dan mag ons ook sien hoedat sy kloue verslap en losraak wat al die aspekte van die natuurlike lewe betref.

Daar op die ekonomiese, politieke, sosiale, regtelike, opvoedkundige en ander terreine van die lewe sal die jong christene dan met lus en liefde soek om na die wil van God te handel. Dan sal hul lewe op daardie terreine ook gelukkig en voorspoedig wees, want dan raak dit meer en meer bevry uit die wurgende greep van die seekat. Sulke Bantoe Christene sal dan ook tot seën vir hul volk wees. Want om te breek met die heidense godsdiens van jou volk, beteken geensins dat jy met jou volk moet breek nie.

Die ware gelowige het juis 'n groot roeping teenoor en in die lewe van sy volk (profeties en priesterlik). Wanneer die Kerk van

Christus in 'n volk tot stand kom en groei, dan word die vergiftigde hart van daardie volk ook weer gesond en nuut gemaak. Dan word die seekat in die hart van daardie volk dodelik gewond en verslap sy kloue in hulle greep op die verskillende stelsels van die kultuur van dié volk. So word die kultuur dan nie deur die aanslag van die christendom in die sending vernietig nie, maar dit word gesond gemaak deur die uitwerking van die evangelie.

So 'n kultuur wat aan die klem van die seekat ontworstel is, kry dan ook ewigheidsbetekenis, want dit word dan deel van die heerlikheid en eer van die nasies wat in die ewigheidsmôre binne die poorte van die ewige stad gebring mag word. (Vgl. Openb. 21:24-27.)

L. J. BOTHA.

(Gelewer voor G.T.V., Pretoria 1968)